

Een van Stellenbosch se grootste "woordmense", prof. Johan Degenaar, het vanjaar tagtig geword. 'n Spesiale boek is vir die geleentheid geskryf deur sy oud-studente, kollegas en vriende. Die titel is "Gesprek sonder grense" en die boek is verkrygbaar by Protea **Boekwinkel**. Onder die bydraers tel literêre skrywers soos Karel Schoeman, John Kannemeyer, Antjie Krog, André P. Brink, Mark Behr, Hennie Aucamp, Abraham H. de Vries, Lina Spies, George Louw, Fanie Olivier, M.M. Walters en ander. 'n Bekendstellingsnota van die uitgewer word hier aangeheg, vir u belangstelling.

Met vriendelike groete  
Etienne Britz

**GESPREK SONDER GRENSE**  
**Huldigingsbundel ter ere van**  
**Johan Degenaar se 80ste verjaarsdag**  
Dirk Hertzog, Etienne Britz, Alastair Henderson (Samestellers)

Gelamineerde hardeband, 343 bladsye  
H&B Uitgewers, Posbus 179, Stellenbosch 7599  
ISBN 978-0-620-37661-7  
Prys R215 (BTW ingesluit)

**Verspreiding, Bestellings:**  
Protea Boekhandel, Posbus 657, Bergzicht Plaza,  
Andringastraat, Stellenbosch 7599  
**tel: 021-882-9100**  
**e-pos: [ls.protea@mweb.co.za](mailto:ls.protea@mweb.co.za)**

Johan Degenaar, internasionaal-bekende Suid-Afrikaanse filosoof, word in 2006 tagtig. As die "Sokrates van Stellenbosch" en voorstander van die oop gesprek, was hy een van die belangrikste Afrikaanse kritici van die apartheidstaat. 'n Kollega uit Switserland, prof. Walther Zimmerli, skryf in sy bydrae tot *Gesprek sonder grense*: "Johan Degenaar is one of the most interesting and interested fellow philosophers and human beings I have had the privilege to meet."

*Gesprek sonder grense*, vrygestel in Desember 2006, weerspieël die groot belangstellingswêreld van hierdie buitengewoon interessante en geïnteresseerde mens. Die boek bevat boeiende filosofiese essays. Maar vanweë Degenaar se belangstelling in die kuns en literatuur is bydraes ook gelewer deur skeppende skrywers soos Karel Schoeman, Antjie Krog, André P. Brink, Mark Behr, Hennie Aucamp, Abraham H. de Vries, Lina Spies, George Louw, Fanie Olivier en M.M. Walters. Die filosoof se gefassineerdheid met rolprente, wat gelei het tot 'n reeks ongeëwenaarde film-analises, word toegelig deur die destydse kunsredakteur van *Die Burger*, Kerneels Breytenbach.

Dit is maar net die begin van die grensloosheid van *Gesprek sonder grense*. Sowat veertig uiteenlopende bydraes is in die boek opgeneem, baie daarvan geskryf deur oud-studente, kollegas en vriende wat oor 'n tydperk van byna vyftig jaar deelgeneem het aan die Gespreksgroep wat Degenaar in 1958 op Stellenbosch opgerig het. John Kannemeyer skryf in sy bydrae oor die "wêreld en heelalle" wat Degenaar hier en in sy opwindende klasse vir studente en gespreksgenote ontsluit het.

Onder die "wêreld en heelalle" in *Gesprek sonder grense* tel onder meer die ekonomie, die wêreld van die Bybel en die teologie, die kuns van die Venda, maar ook die hedendaagse politiek met sy probleme rondom Afrikaans en die verhouding tot die Ander. Andrew Nash en André du Toit skryf boeiend oor Degenaar se wedervaringe en rol as akademikus en politieke filosoof.

Die boek bevat ook satiriese bydraes, onderhoude met Degenaar, en treffende herinneringe, o.m. van oud-Broederbonders soos Nico Smit op wie die filosoof 'n diepgaande invloed uitgeoefen het.

*Gesprek sonder grense* is 'n boek uit toegeneentheid geskryf deur mede-studente, mede-denkers, bowenal deur vriende. Dit is in die handskrif van persoonlike waardering geskryf, soos die lettertipe waarin die skrywersname geset is, wil suggereer. Wat die lettertipes betref: Dié boek is in effens groter letters as normaalweg gedruk, sodat alle lesers, maar veral die filosoof op 80 en sy tydgenote, die bydraes met gemak kan lees.